

Dinsdag 25 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 44:1 –
45:5

Fokusgedeelte: Jeremia 45:1-5

God bring hoop en redding deur swaarkry heen

Steeds moet Jeremia dieselfde boodskap bring, want dié wat na Egipte gevlug het, gaan voort met afgodsdienste. In Egipte word hulle weer slawe van die afgode soos wat hulle voorvaders slawe was in Egipte.

God volhard in sy liefde vir hulle. Hy waarsku en straf tot hulle beswil. Dié hier in Egipte stry met Jeremia. Hulle sê dat die ramp van die ballingskap oor hulle gekom het omdat hulle opgehou het om aan die hemelkoningin te offer. Dis juis hoekom al die ellendes oor hulle gekom het, sê Jeremia. Niemand is so blind as hy wat nie wil sien nie! God sal vir hulle wel 'n teken gee (Jer. 44:29) dat hulle sal weet dat sy Woord sál gebeur. Hulle sal almal omkom. Dit is vandag nog baie moeilik om dié te oortuig wat nie wil glo nie.

Weer gee die Here 'n trooswoord. Die Here gee altyd 'n uitkoms, al lyk dit asof ons in 'n doodloopstraat is. Die waarskuwing bly wel: Laat die Heilige Gees jou oortuig, anders wag die ewige dood!

Net na hierdie waarskuwende woord van Jeremia is daar 'n woord van hom aan Baruk. In Jeremia 36 lees ons van die boekrol wat Jojakim verbrand het. Baruk moes dit oorskryf. Baruk kla omdat hy dit moet doen. Dit wat hy moes oorskryf, sou hom ook tref. Jeremia sê dat God besig is om 'n hele land te oordeel – en Baruk kan net aan homself dink!

Jy en ek kla ons dat ons nie skoene het, maar daar is mense wat nie voete het nie? Dink net aan onself? Volg die voorbeeld van Jesus Christus wat sy lewe gegee het vir ons. Baruk kry, ten spyte van sy gekla, 'n belofte: hy sal sy lewe behou. Juis omdat Jesus Christus gehoorsaam was tot in die dood, kry ons 'n belofte: jy sal jou lewe behou. 'n Ewige lewe by God!

Sing: Skrifberyming 3-4:1-5

Ds. JF Mouton (Koos) (Emeritus)